# *Geboorte van Witrenoster kalfie aangeteken*

**DIE Nasionale Dieretuin se Wildteelsentrum in Lichtenburg het die geboorte van 'n witrenoster kalfie bekend gemaak.**

Die witrenoster is een van die mees bedreigde diersoorte in Suid-Afrika en hulle status word as "kwesbaar" deur die Suid-Afrikaanse Rooi-databoek beskryf, sowel as deur die IUCN (International Union for the Conservation of Nature).

Die Lichtenburg Wildteelsentrum het reeds verskeie witrenoster kalfies geteel en die Nasionale Dieretuin lewer dus 'n positiewe bydrae tot die bewaring van hierdie spesie.

Twee witrenosters word ook in die berggedeelte van die Nasionale Dieretuin gehuisves.



**A cotton-top tamarin was born at the Pretoria Zoo.**

## en nog geboortes...

Nog 'n sjimpansee, genaamd Megan, is in Oktober vanjaar in die Pretoria Dieretuin gebore.

Megan word deur 'n Natuurbewaarder van die Dieretuin hans grootgemaak en is reeds almal se liefling. Sy sal later by haar familie in die Dieretuin aansluit.

Die Nasionale Dieretuin se addaks-antiloop trop het ook nog 'n kalfie ryker geword, so ook die sabelgemsbok-trop.

'n Totaal van 11 Nubiese ibekse is in die afgelope paar maande gebore, asook 'n Arabiese gemsbokkie.

'n Bedreigde Waldrapp-ibis het in Oktober vanjaar uitgebroei.

# Spikkel-skeurtand haai vir die Akwarium

## Haai arriveer vir Mariene Dag vieringe

**BESOEKERS aan die Nasionale Dieretuin se Akwarium en Reptielpark sal verheug wees om te weet dat 'n spikkel-skeurtandhaai weer in die groot ronde mariene-tenk gehuisves word.**

Die bykans twee meterlange haai het op 29 Oktober 1996 by die Akwarium aangekom.

Die haai is tydens 'n versameltog, in samewerking met die Nasionale Dieretuin, deur African Water Sports van Umkomaas bekom.

Spikkel-skeurtand-haaie is bruinerig van kleur en het soms rooi kolle aan die kante van die lyf.

Hulle kan tot 3,2m lank word en word algemeen langs die suidelike kuslyn van Afrika aangetref.

Die Nasionale Dieretuin hoop om met dié nuwe toevoeging meer lig op haaie se habitat en gewoontes te werp.

Wat die uitstalling uniek maak, is die feit dat die haai in kunsmatig vervaardigde seewater gehuisves word.

Die Akwarium is elke dag van die week van 08:00 tot 18:00 oop.

# Parrot and cockatoo breeding programme receives a boost

**The parrot breeding programme of the National Zoological Gardens received a boost, when two little corellas and a lesser-sulphur crested cockatoo hatched in October this year.**

Little corellas *(Cacatua sanguinea)* inhabit Western Australia.

They inhabit most types of open country, but are particularly abundant in trees bordering water.

The lesser-sulphur crested cockatoo ***(Kakatoe sulphurea)*** originates from the Celebes, Buton and Togian islands.

Both the male and female are white with a distinct suffusion of very pale yellow on the breast and on the cheeks. The female differs from the male in that the iris of her eye is reddish-brown.



The giant eland heifer with her parents



The white-faced scops owl - *Otus (Ptilopsis) leucotis.*

# Two white-faced scops owls hatched

**TWO adorable white-faced scops owls, *(Otus Ptilopsis leucotis)*, hatched at the Pretoria Zoo and are being housed safely in their snug nest box.**

The latest youngsters contribute to the Pretoria Zoo's already large owl collection.

The white-faced scops owl is resident of virtually the whole of Africa, south of the Sahara.

A pair of white-faced scops owls seem capable of communication, using eye and facial expressions, movements of the ear tufts and bobbing and weaving movements of the body.

The white-faced scops owl is such a distinct species that it is given its own genus, *Ptilopsis*, by some specialists. The opening at it's ears are twice as large as those of any comparable scops owl. The prey is also bigger than that caught by most scops owls.

They are found in thorny trees in savanna landscapes, bush or woodland areas.

They are not too well hidden. They rely instead on the cryptic pattern of the plumage and are difficult to be seen when leaning close to an upright branch.

# Highly endangered bali mynah is being hand reared at Pretoria Zoo

The Bali mynah, ***Leucopsar rothschildi***, also known as the Bali Starling is classified as endangered by the South African Red Data Book.

A youngster recently hatched at the Pretoria Zoo and is closely monitored to ensure that it could become part of the future breeding programme with this species.

The word Bali refers to the place in Indonesia that these birds are endemic to.

Poaching for the cage bird trade has, unfortunately decreased its numbers to a critically low level and in 1990 the wild population was estimated to be as low as 13 individuals, while the world's captive population was then estimated at 700.

The Bali Starling Project, launched in 1987 by the Bird Life Association in cooperation with the Indonesian government and American and British zoos, has helped to improve guarding of the park and has bolstered the wild population by release of a small number of wild-life stock back to between 35 and 55.

However, the Bali mynah is still highly endangered and the National Zoo will play a vital role in the conservation of this bird species.

# *Dieretuin ontvang Rooikol muskejaatkatte as skenking*

**DRIE oulike rooikolmuskejaatkatte is aan die Dieretuin geskenk.**

Hierdie kortbeen diertjies met hulle lang lywe en wit geringde sterte is maar slegs 'n paar weke oud en word deur een van die Dieretuin se Natuurbewaarders grootgemaak.

Die kolle en ander merke op die lyf kan wissel van swart tot 'n sprinkeling van roeskleurige hare. Die donkerder bande oor die stert volg gewoonlik die kleur van die kolle.

Rooikolmuskejaatkatte is gewoonlik nag-aktief.

Hulle is spesiaal aangepas om in bome rond te klim en rats van die een tak na die ander te spring. Hulle spandeer dan ook groot gedeeltes van hulle lewe in bome, veral wanneer daar gejag word of wanner hulle op soek is na skuiling.



**Twee van die drie rooikolmuskejaatkatte wat hans grootgemaak word. (Foto: Pretoria News)**

Continue on page 16

ZOÖN

1996-4

NATIONAL ZOOLOGICAL GARDENS OF SA PRETORIA NASIONALE DIERETUIN VAN SA

# Pretoria Zoo helps to combat crime

## A safer Boom Street for our visitors

**"The National Zoo once again set an example and we hope that this project will ensure safety for everyone" - Mr Willie Labuschagne**

**On 22 October 1996, the National Zoological Gardens of South Africa, Pretoria, launched the "Keep Boom Street Clean and Safe Project".**

This project, which was launched in collaboration with the street vendors and the South African Police Services (SAPD), aims to ensure the safety of visitors to the National Zoo. It was the first project of its kind to be launched in Pretoria.

To make this project possible, several street vendors, operating in Boom Street were identified. They were accredited and were issued with bibs for easy identification. These vendors will be trained on general safety and will be subjected to the rules and regulations of the National Zoo.


The SAPD will permanently be stationed in Boom Street.

At the launch of this project, the Director of the National Zoological Gardens, Mr Willie Labuschagne, said that safety was a community project. "The National Zoo hopes to set an example with this project. I am proud that the National Zoo is once again the first to provide for the interests of the community and the visitors to the Zoo," said Mr Labuschagne.

He added that he is confident that all the visitors to the Zoo will lend their support to this project.

Commissioner Corrie Naudé, Pretoria Police Commissioner stated that it was important for residents and visitors to the National Zoo to feel safe. "The Keep Boom Street Clean and Safe Project" sets an example of interested parties in the community and the business sector taking hands with the South African Police Services to combat crime," said Commissioner Naudé.

**(Pictures on page 2)**



**Die reuse eland versie *(Taurotragus derbianus)*. (Foto: Beeld)**

## Dieretuin bars uit sy nate met nuwe geboortes!

DIE Pretoria Dieretuin spog met heelwat nuwe geboortes (artikels en foto's verskyn op bladsye 14 - 16).

Op die voorbladfoto verskyn die jongste toevoeging tot die Dieretuin se reuse eland groep. Reuse elande, ook bekend as die Lord Derby eland, is hoogs bedreig en die jongste versie is 'n waardevolle toevoeging tot die Dieretuin se teelprogram.

(Continues from page 1)

# Keep Boom Street Clean and Safe Project



"I am condifent that all the visitors to the Zoo will lend their support for this project" - Director, Willie Labuschange

Onder: Twee van die straatverkopers wys hoe hulle te werk gaan om inwoners van Boomstraat en besoekers aan die Nasionale Dieretuin van hulp te wees. (Foto: Pretoria News)

**Bo: Die "Hou Boomstraat Skoon en Veilig Projek" is op 22 Oktober 1996 deur die Nasionale Dieretuin in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens geloods.**

**Die sukses van die projek kon egter slegs verseker word met die samewerking van die straatverkopers wat in Boomstraat besigheid doen.**

**'n Aantal straatverkopers is geïdentifiseer, hulle is geakkrediteer en met spesiale oorjassies uitgereik.**

**Op die foto word die straatverkopers deur mnr Willie Labuschagne, Direkteur van die Nasionale Dieretuin (regs) en Direkteur Beetha van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (links) geluk gewens. (Foto: Pretoria News)**




## Contents


1 Pretoria Zoo helps to combat crime
3 Zoovaganza '96
4 Langdienstoekennings
5 Adoptions
6 Diere "verhuisings"
6 New management structure
7 Friends held successful AGM
8 Vriende aktiwiteite en funksies
9 Friends' activities and functions
10 Lichtenburg se Vrywillige Natuurbewaarders
11 New nursery planned
12 Confiscated animals housed at Zoo
13 Gratis Pretdag '96
14 - 16 Nuwe Aankomelinge